Die Evangelie van Johannes is 'n besonderse boek.

'n Baie besondere kenmerk van Johannes se Evangelie is sy beklemtoning van die hele groep van Ek-is-uitsprake van ons Here Jesus. Hulle bied aan ons 'n wonderlike opsomming van die betekenis van die koms van God se Seun na ons aarde as Jesus, die jongman van Nasaret. Hierdie Ek-is uitsprake van Jesus herinner ons aan hoe God aan Moses gesê het wie Hy is: Ek is wat Ek is (Eks. 3:14). Hiermee eis Jesus dus telkens vir Homself volle goddelike wese en gesag op. Opvallend, dit kom in die absolute vorm van net "Ek-is" juis sewe keer voor. Onthou: Sewe is die getal van heilige volheid!

Flink dink - 7 uitsprake van Jesus

"Ek is die b_____ vir die lewe." Joh. 6:35
"Ek is die lig vir die w_____" Joh. 8:12
"Ek is die deur vir die sk_____." Joh. 10:7
"Ek is die goeie h_____." Joh. 10:11
"Ek is die opstanding en die l_____."
Joh. 11:25
"Ek is die weg, die w_____ en die lewe."
Joh. 14:6
"Ek is die ware w_____." Joh. 15:1